

HOOFSTUK IV

DIE WERKWOORD

DIE KENMERKE VAN DIE WERKWOORD

ONS het die ww. voorlopig gedefinieer as 'n woord wat 'n onderwerp impliseer, maar nou wil ons sy ander kenmerke nader beskou en ook die genoemde eienskap verder ontleed.

In die meeste Wes-Europese tale hang dié eienskap saam met 'n **morfologiese kenmerk**, nl. die *persoonsuitgang*. Soos Meillet sê: „Die persoonlike fleksie is die mees eie (la plus naturelle) aan die ww.” (bl. 177). Wackernagel sê: „Verbum heisst ein Wort wenn es Personalendungen hat” (bl. 106).

Maar in Afrikaans ontbreek dié kenmerk. Trouens baie wwe. soos *begin, erken, herinner, behoort, onthou, gebeur* het net dié een vorm, en die meeste ander wwe. slegs twee vorme, d.w.s. as ons die deelwoord as tweede vorm en nie as aparte rededeel beskou nie. Teenoor die enkele vorm *slaap* het Frans *dors, dort, dormons, dormez, dormant, dormais, dortait, dormions, dormiez, dormaient* ens.; Duits het *schlafe, schläfst, schläft, schlafen, schläft, schlief* ens.; Engels slegs *sleep, sleeps, slept*.

Dit beteken dat ons in Afrikaans geen ander morfologiese kenmerk van die ww. kan noem nie as net die vermoë van die meeste wwe. om 'n deelwoord met die prefiks *ge-* te vorm. Maar by 'n groot aantal wwe. ontbreek dié onderskeiding.

Wat **betekenis** betref, is dit geheel-en-al onbevredigend om te sê dat die wwe. *handeling* (werking), 'n *toestand* of 'n *verandering* van toestand aandui, want dit geld ook, vir die s.nwe. *handeling, toestand, verandering* self, en andere soos *beskouing, verdeling, loperij, siekte, vermeerdering* ens. M.a.w. so 'n definisie is logies onjuis, al verstaan ons wel die bedoeling daarvan.

Dit kom dus daarop neer dat 'n omskrywing van die ww. se betekenis self ondoenlik is sonder aanduiding van sy funksie. *Die wese van die ww. lê daarin dat sy betekenis hom op verbinding met ander begrippe aanwys* (Kalepyk, bl. 92). Hoe anders kan ons onderskei tussen „sy werk” (s.nw.) en „om te werk” (ww.)? *)

REKSIE

Die betekenis van iedere afsonderlike ww. bepaal met watter onderwerp dit kan verbind word. So kan ons nie slaap met huis verbind in „die huis slaap” nie (behalwe as beeldspraak); ewemin kan ons 'n verbinding hê soos „die man reën.”

Die verbindingsmoontlikhede van die wwe. (wat voortvloei uit hulle betekenis), noem ons **Reksie**. Dié term is dus van toepassing op wwe. alleen en dui die verhouding aan tussen ww. en onderwerp, voorwerp of bepaling. Dit dek verskynsels soos *persoonlik* en *onpersoonlik*, *oorganklik* en *onoorganklik*, *bedrywend* en *lydend*.

Die oorgrote meerderheid van die Afrikaanse wwe. druk 'n handeling, gebeure of proses uit *as afkomstig van 'n lewende wese: Iemand doen iets*. Gardiner sê: „the verb-meaning as exerted by something mentally imagined as a *personal being*” (bl. 260; vgl. ook 221—2).

Dié besonderlike verhouding noem ons die **persoonlike reksie**. Bühler vind dit kenmerkend van die meeste Europese tale: „(Das Verbum) ist der Ausdruck einer bestimmten Weltauffassung . . . die Sachverhalte unter dem Aspekten des (tierischen und) menschlichen Verhaltens begreift und zur Darstellung bringt” (bl. 249). Daarom kan 'n kind vra: „Wat doen die wind as hy nie waai nie?” (Vgl. ook Sechehaye, bls. 49—50.) Enigsins aansluitend hierby is Ammann se beskouing: „Das Zeitwort ist in unserer Sprache Ausdruck der *Lebensregung* und

*) Volgens Broendal kan die s.nw. as *Rd* en ww. as *rd* aangedui word. Die gemeenskaplike *d* (descriptor) is die beskrywende element en die *r* (relator) by die ww. is die verbindende element. (Ordklasserne. Index.)

somit auch der Bewegung" (bl. 120).*) Bühler wys egter daarop dat ander tipes wwe. moontlik is en dat hulle inderdaad ook in ons tale bestaan (bls. 250—1).

Maar ek glo dat Gardiner gelyk het wanneer hy sê dat die ander tipes wwe. (die nie-persoonlike) „ultimately followed their lead" (bl. 221). Ons kan uit die formele kenmerke (bv. woordstelling) nie onderskei of 'n sin persoonlik of onpersoonlik is nie: „Hy kan dit nie doen nie (persoonlik). — Hy kan nie hier wees nie, as dit waar is wat jy sê" (onpersoonlik).

Tog bly die enigste (formele) maatstaf behalwe die betekenis (wat 'n innerlike maatstaf is) die verbindingsmoontlikheid. *Ons kan dan sê dat persoonlike wwe. altyd met hy ('n lewende wese) kan verbind word, en nie-persoonlike wwe. met dit*, maar dan moet ons die betekenis ook in die oog hou.

SUBJEK

Hoewel die wese van die subjek wel duidelik sal blyk uit die voorafgaande en die volgende, moet ons op hierdie stadium waarsku teen 'n moontlike misverstand.

Vir my is die subjek 'n begrip wat slegs vanuit die ww. en sy reksie bevredigend kan verduidelik word. Aangesien ons die reksie nog nie bespreek het nie, kan ons hier net 'n voorlopige aanduiding gee, nl. *die onderwerp is die eerste (primêre) bepaling van die gesegdewoord* (lees hier ww.). In Jespersen se bewoording: „The subject is the primary which is most intimately connected with the verb (predicate) in the form which it actually has in the sentence with which we are concerned" (Analytic Syntax, bl. 136).

Vir die uitkenning van die sinsdele is die woordorde 'n uiters belangrike (aanvullende) maatstaf.

WOORDORDE

In die volgende uiteensetting onderskei ek S (subjek), Vf. (gesegdekern).

*) „In der Verwendung des Verbuns überhaupt liegt schon ein gewisser Grad von Personifikation des Subj." (Paul, bl. 97.)

Hoofsin

(a) NORMALE VOLGORDE: S + Vf., bv.: „*Die jongmeisies op die platteland staan soggens vroeg op. — Die plaveisel van die agterplaas slaan hier en daar donker kolle uit.*”

(b) INVERSIE: Aanloop + Vf. + S, bv.: „*Die volgende oggend by die agtuurtafel het die huismense vir die eerste maal soos een familie gelyk. — Soms pla G. se gewete hom. — Hy wag nog, al is hy ongeduldig.*”

Die onderwerp staan dus meestal onmiddellik voor of na die Vf. (eerste ww.) in 'n hoofsin.

Bysin

(a) S kan die eerste woord (verbindingswoord) wees as dit 'n betreklike vnw. is., bv.: „*Hy haat die hiënas wat hom so dophou*” (Vf.). — Miskien was dit die koorsigheid *wat* haar oplettendheid baie *verskerp* *het*” (Vf.).

(b) Anders is die S die tweede sinsdeel meestal onmiddellik na die verbindingswoord, bv.: „*Dit is asof 'n gordyn voor my oë wegrol*” (Vf.). — Terwyl *die vyande* onder haar hul slagoffers verslind (Vf.), bly sy doodstil.”

Afwykende gevalle waar S + Vf. of Vf. + S in die hoofsin geskei word, het besondere stilistiese redes, net soos die verskuiwing van die S in die bysin weg van die 1ste of 2de posisie af. 'n Pers. vnw. as S staan in bysinne tweede.

GRAMMATIESE EN LOGIESE OF SIELKUNDIGE SUBJEK

Jespersen bespreek die beskouings van 'n aantal filoloë wat die onderskeiding tussen onderwerp en gesegde logies of psigologies wil fundeer, en verwerp hulle omdat die uitsprake mekaar meestal weerspreek (Phil. of Gr., bls. 147—150).

Gardiner meen egter dat die begrip „logical subject and predicate” baie waardevol is, hoewel hy erken: „What is the predicate or linguistic reaction at one instant may

become the subject or linguistic stimulus at the next" (bl. 291).

Om die teenstelling tussen die „logiese” en „grammatiese” te versoen, voer hy die begrip „congruent” en „incongruent” in (bls. 274—6). Dit beteken volgens hom dat die grammatiese onderwerp en gesegde die gestandaardiseerde (congruent) vorm van die logiese S en P is.

Vir ons is die onderskeiding van weinig waarde behalwe in 'n paar gevalle (vgl. bl. 70).

Nie-persoonlike Onderwerpe

(1) ATMOSFERIESE Wwe.: Normaalweg neem die volgende wwe. *dit* as onderwerp: *reën, motreën, sneeu, hael, ryp, dou, kapok, donder, weerlig, skemer*.

Die woord *dit* slaan nie op enige subjek wat as agens in 'n animistiese sin te beskou is nie, dog op die *situasie* of *plek* waar die spreker hom bevind. (Ons kan dit ook beskou as 'n stoplap wat moet dien om te beantwoord aan die gewone skema Subjek-Gesegde.) Ons kan nie vra „Wat reën/hael/donder?” nie, maar „Waar reën/hael/donder dit?”

Die gebeure of toestand moet dus *ruimtelik* beskou word. Of dit vroeër animisties beskou is as „(Jovis) pluit, tonat, ens.” wil ek nie bespreek nie (vgl. M. Regula: *Das Problem der Impersonalia*, Idg. Forsch. 52, bls. 196 vlg.). Interessant is die sitaat wat Jespersen aanhaal: „In his pamphlet *Les Langues Ouralo-altaïques*’ (Bruxelles, 1893) W. Bang thinks it incontestable that the human mind before having the conception of *I* and *thou* had that of *here* and *there*” (Phil. of Gr., bl. 214).

'n Enkele keer kan ons na analogie van die animistiese wwe. ook vind: „Die velde skemer voor my oë. — Slae hael op hom neer. — Die koeëls reën op ons. — Die kanonne donder aan alle kante.”

Omgekeerd kan ook 'n gewone ww. gebruik word met *dit* om atmosferiese gebeure aan te dui, o.a. *sous, stort, stroom, bulder, weergalm, dreun, knetter, waai, wees*

ens. Dit gebeur egter selde dat dié wwe. 'n egte ruimtelike toestand aandui, sodat ons kan vra: „Waar sous, stort ens. dit?” Meestal word die plek in die sin aangedui deur 'n bepaling, bv.: „Dit dreun *in die strate*. — *Hoog in die bome* ruis dit. — Dit weergalm *tot in die verste kranse*. — Dit is stil *in die dorpie*.”

Sechehaye wys op die ander moontlikhede: Naas „pluit lapides” (dit reën stene) vind ons „lapides pluunt” (die stene reën) (bl. 147).

(2) DUBBELE REKSIE: 'n Aantal wwe. is wat Jespersen noem „double-faced” (E.E.G., bl. 107), d.w.s. die proses word *soms ruimtelik* en *soms persoonlik* voorgestel, bv.: „Dit wemel van visse in die stroom. — Die stroom wemel van visse. — Die visse wemel in die stroom. — Dit swerm van bye in die tuin. — Die tuin swerm van bye. — Die bye swerm in die tuin. — Dit krioel van mense op straat. — Die straat krioel van mense. — Die mense krioel op straat.”

Miskien kan ons die volgende as analogiese uitbreiding beskou: „Dit sit vol mense in die saal. — Die saal sit vol mense. — Die mense sit die saal vol.”

Tot hierdie groep hoort ook: „Dit spook in die ou meule. — Die ou meule spook. — Spook u senuwees?”

'n Ander groep druk *sintuiglike waarneming* uit, o.a. *ruik, voel, jeuk, brand*, bv.: „Dit ruik na kruisement in die tuin. — Hy ruik na drank. — Die honde het iets geruik. — Dit voel vir my of dit gaan reën. — Die vloer voel nat. — Voel jy nie die koue nie? (Vgl. Fr. „Tu sens comment ça sent.”) — Dit jeuk op sy vingers. — Die wond jeuk. — Die arme kind jeuk oor sy hele lyf. — Dit brand op my tong. — Die peper brand my tong. — My tong brand.”

Wackernagel merk op dat ons by wwe. wat gevoelens en gedagtes uitdruk sowel persoonlike as onpersoonlike uitdrukkings vind. „Je nachdem die eine oder andere Auffassung überwiegt, haben wir persönlichen Gebrauch; den letztern aus dem Bewusstsein heraus, dass Gefühle über uns kommen und Gedanken auf uns einströmen ohne dass wir selbst die Urheber dieser Gedanken sind” (bl. 117). Ook Van Ginneken merk op dat „allerlei talen

hetzelfde woord hebben voor de zinnelijke gewaarwording zelf, en den objektieven prikkel, of de determineerende oorzaak der gewaarwording" (Het Gevoel, Leuvensehe Bijdragen X, bl. 129).

'n Analoge verskynsel het ons in: „Dit slaan twaalfuur. — Die horlosie slaan twaalfuur. — Daar slaan twaalfuur." Hier wissel die ruimtelike begrip af met die persoonlike, hoewel op 'n besondere wyse.

Paul gee 'n aantal voorbeelde van dergelike verskynsels in verskeie tale en verklaar dat mens „eine doppelte Bedeutung des Wortes" as verklaring moet aanneem (bls. 156—7).

(3) „DIT" AS VOORLOPIGE SUBJEK: Iemand stamp teen 'n ander op straat en sê: „Dit spyt my, meneer." Die hoorder sal begryp waarop „dit" slaan, tensy hy nie die stamp gemerk het nie en dus nie in dieselfde situasie is nie. Dan moet die spreker dit in woorde sê: „Dit spyt my *dat ek teen u gestamp het.*"

Hieruit blyk dat „dit" wat eers na die uiterlike situasie verwys het, nou slaan op die taalverband en wel op die woorde wat nog moet volg. Ons noem „dit" dan **voorlopige subjek**.

Die bestaan van die voorlopige subjek kan aan verskeie faktore toegeskryf word:

- (1) Die logiese subjek word pas geformuleer in die gedagte nadat die sin uitgespreek is, bv.: „Dit is mooi, nè? *Die versameling blomme?*"
- (2) Die sinsdeel wat as subjek moet optree, is te lank of omslagtig vir die aanhef, bv.: „Dit kom my voor *dat hy nie van die voorstel hou nie.*" (Vgl. verder bl. 53.)

Hierdie gevalle toon 'n mate van ooreenkoms met andere waar die sinsdeel wat as subjek moet optree, 'n afwykende vorm het wat nie die subjekfunksie mag hê nie, dog altyd as bepaling optree, bv.: „Dit is stil in die huis. — Dit slaan twaalfuur. — Dit sneeu groot vlokke. — Dit reën oumeide en knopkieries."

Ons vind egter dikwels dat die voorlopige *dit* vervang word deur 'n onderwerpsin, bv.: „Dit is jammer dat hy nie kom nie. — Dat hy nie kom nie is jammer.”

(4) ONPERSOONLIKE BEGRIPPE: By 'n aantal wwe. vind ons dat die sielkundige subjek optree as voorsetselbepaling, infinitief of bysin. Hierdie groep wwe. simboliseer 'n onpersoonlike krag wat op die belanghebbende persoon inwerk. Soos Brunot sê: „Die begrip doen hom dikwels voor nie as uitgaande van 'n wese of 'n ding wat deur 'n naam aangedui word nie, maar as die bestaan, die noodsaaklikheid, die paslikheid, die genoegsaamheid ens.; in al die gevalle as 'n begrip wat uitgedruk word deur 'n ww. met 'n s.nw., 'n b.nw. ens.” (La pensée, bl. 13; vgl. ook bl. 283).

In Afrikaans word hierdie begrippe uitgedruk deur o.a. *behaag, mishaag, betaam, misluk, geluk, gebeur, kom voor, spyt, traak, spreek vanself, lyk, ontbreek, makeer* ens., bv.: „Dit betaam hulle nie om te spot nie. — So het dit gebeur dat twee tiere hulle daar gevestig het. — Dit lyk my dat Elsie siek is. — Dit traak my nie of julle die plan goedkeur nie. — Wat makeer jou? — Wat makeer jy?”

Al hierdie wwe. kan ook met gewone s.nwe. verbind word, maar die meeste nie met 'n toonwoord van die eerste of tweede persoon (ek, jy, ons, julle) nie. Dit beteken dat hulle onpersoonlik is.

Tot hierdie groep hoort ook die modale wwe. *behoort, hoef, kan, mag, moet, sal*, wat sowel persoonlik as onpersoonlik gebruik word (vgl. bl. 116).

(5) „DIT” AS ONBEPAALE PERSOON: „Dit” kan soms dien as wat Jespersen noem die „generic person,” bv.: „En toe val dit in met kitaar en ramkie. — Nou saal dit perde op vir die beker. — Dit wil net maak en breek, en wat klaar is, jaag uit agter ons. — Dit lag en gesels, en hulle weet van geen gevaar nie.”

Dit is 'n impressionistiese stylmiddel om alle aandag te laat val op die handeling; soms glip die subjek uit soos in die laaste sin.

Hierdie soort sin kan willekeurig in die aktief of

passief voorkom, bv.: „Van agter af word dit opgedruk dat dit so bars. — Waaroor word dit dan so diep gedink?”

Ons sou ewe goed kan sê: „Van agter af druk dit....— Waaroor dink dit dan so diep?”

Tereg sê Paul: „Im unpersönlichen Satze ist es an und für sich einerlei ob man das Akt. oder das Pass. setzt” (Prinzipien, bl. 279).

(6) VERBINDINGS MET „DAAR”: Wanneer ons die twee volgende sinne vergelyk: „Dáár kom die karre,” en „Daar kom elke jaar baie voëls in die tuin,” dan is dit duidelik dat die toonwoord *daar* heel verskillende funksies het in die twee sinne. Trouens die twee sinne verteenwoordig twee verskillende tipes: die eerste is situasie-gebonde, dit verwys na iets wat voor ons oë gebeur, en die spreker gebruik die beklemtoonde *dáár* omdat die hoorder die rigting van sy stem, oë of gebaar self kan waarneem. Die tweede *daar* is abstrak.

Van Engels sê Jespersen: „The word *there* which is used to introduce such a sentence though spelt in the same way as the local *there* has really become as different from it as the definite from the indefinite article; it has no stress and is generally pronounced with the neutral vowel (thə) instead of (thəə)” (Phil. of Gr., bls. 154—156). Die ooreenkomstige vorme *er* (*d'r*) en *daar* in Nederlands word uitvoerig bespreek deur W. de Vries: „Er (*d'r*) zonder duidelijke betekenis” (N. Tg. 16, bls. 195 vlg.).

Ek wil vervolgens die belangrikste kenmerke van *daar* in die abstrakte sin aanstip; oor die lokale bywoord *dáár* hoef ek niks te sê nie.

1. Die woord dra nooit 'n sterk aksent nie.
2. Dit lei steeds die sin in. Dat *daar* in sulke sinne met ewe veel reg die subjek kan heet, blyk uit sy posisie: „Daar kom jaarliks baie vreemdes aan. — Dáár kom ons gaste nou. — Hy weet dat die tafel dáár moet staan. — Hy weet dat daar gister 'n ongeluk plaasgevind het” (vgl. bl. 46).

3. Die grammatiese subjek is byna altyd onbepaald, d.w.s. met 'n of sonder enige lidwoord, bv.: „Binne in hom is daar opstand, dreig daar 'n begeerte om af te snou. — Is daar nie lammers weg nie?”
4. Die wwe. wat in die abstrakte sinne met „daar” verbind word, is onoorganklik. Die belangrikste is *wees*, dan *kom*, en verder *bestaan*, *ontstaan*, *lê*, *sit*, *gebeur* ens. Meestal kan hulle deur *is* vervang word, bv.: „Daar het 'n deurdringende reëntjie geval (was). — Daar sal weer rus kom (wees). — Vanaand volg (is) daar 'n onheilspellende stilte. — Daar kraak iets (is iets wat kraak). — Daar spook wraakgedagtes in hom. — Daar lê (is) dun lyne om sy mond. — Daar bestaan (is) beswaar teen kritiek van alle aard.”

Jespersen wys daarop dat hierdie tipe sin die **bestaan** van iets verklaar of ontken (existential sentences) en dat hulle in verskeie tale besonderlike kenmerke het. In Deens bv. het die formele subjek die vorm van 'n objek. In baie tale staan die ww. in die enkelvoud selfs voor 'n subjek in die meervoud. In Duits word die begrip uitgedruk deur „es gibt”; Fr. „il ya”; It. „vi ha (hanno)” ens. (Phil. of Gr., 155—6).

Die waarde van *daar* is maklik te begryp. In konkrete sin dui dit **aanwesigheid** aan, in abstrakte sin abstrakte **aanwesigheid**, d.w.s. **bestaan**.

Natuurlik vind ons normaalweg geen bepaalde subjekte in die sinne nie, want wat bepaald is, bestaan vānselفسprekend. Wel mag die voortbestaan van 'n bepaalde subjek verklaar word, bv.: „Daar is nog die ander lastige vraag: wat gaan sy moeder sê?”

Al die wwe. wat in die abstrakte sin gebruik word, bevat implisiet die begrip *bestaan*, terwyl die ander elemente van die betekenis op die agtergrond geskuif word. Ons kan dit vergelyk met die ontleding van die ww. deur die skool van Port Royal, bv.: „Marcher-être marchant.”

In konkrete, beskrywende sinne kan die onbepaalde subjek natuurlik sonder „daar” staan, bv.: „Ver oor die

vlaktes trek 'n enkele warrelwind. — Hekkies klap . . . ouers roep."

Die abstrakte *daar* het nog 'n weinig konkrete waarde, daarom staan dit nie saam met *hier* in een sin nie: „Hier is iemand by die deur."

'n Besondere geval is die verbinding van „daar" met „word" in die passief. Meillet verklaar: „Die ware funksie van die passief is om die proses uit te druk sonder 'n doener, bv. ‚dicitur.' Die waarde van die passief lê daarin dat dit die proses nie voorstel as onderhewig aan 'n doener nie maar as proses bloot op sigself sonder meer" (Ling. Hist., bl. 196).

Hierdie is egte „existential sentences" wat die blote handeling, sonder opgawe van agens of rigting voorstel. Die meeste wwe. wat so gebruik word, is onoorganklik, maar dit is nie noodsaaklik nie (vgl. bl. 72), bv.: „Daar word geklop. — Daar word gedans en gerook." Dit het byna dieselfde waarde as: „Daar is 'n klop. — Daar is dansery en roekery."

'n Spesiale geval is die omsetting van 'n inf. met „om te + objek." Paul gee as voorbeeld: „Die Stellung des Fürsten wird zu untergraben versucht."

In Afrikaans word dgl. sinne ingelei deur „daar," bv.: „Daar word probeer om die plan te dwarsboom."

(7) *USURPASIES: Dit is moontlik om 'n proses voor te stel as afhanklik van die bepaalde omstandighede of voorwerp betrokke by die proses, sonder om die agens te noem, deur genoemde sake as grammatiese subjek te gebruik.* Dan het ons 'n *usurpasie van die subjek-funksie* (vgl. W. de Vries, Tijdschrift 29, bls. 122 vlgg.), bv.:

„Ja, Hans, boerbrood en roostervis met 'n bekertjie swart koffie — hy eet lekker en hy smaak vol (H.G.). — Stoetvee verkoop goed op Elsenburg (D.B.). — Die verhaal lees vlot en aangenaam (H.G.). — Die graan behoort gou te trap (Boerneef). — Daardie boek sal verkoop (Langenhoven). — Hoe goedkoper die papier hoe lekkerder skryf hy vir my (Langenhoven). — Die mousia is beter vuurmaakhout, maar kap swaarder en brand gouer uit (H.G.)."

Uit die spreektaal en antwoorde op vraelyste haal ek die volgende:

„Die pyp rook lekker. — Die stoel sit ongemaklik. — Nuwe skoene loop swaar. — Die bed slaap reg. — Die grond ploeg maklik. — Die sak dra swaar. — Die blomme rangskik uitstekend. — Die berg klim maklik. — Die baan speel goed. — Die pad ry sag. — Die geweer hanteer maklik. — Die skoene dra lank. — Die hout saag taai. — 'n Skerp ysterpaal slaan maklik in. — Die perd ry sleg. — Die vark slag goed. — Die klavier speel mooi.”

In Nederlands word die ww., volgens De Vries, dikwels verbind met *dit* en die bepalende omstandighede onverskuif bewaar, bv.: „Het woont daar rustig.”

In Afrikaans is dié tipe seldsaam. Ek het slegs twee voorbeelde opgeteken: „Dit kook goed op die stoof. — Dit slaap lekker op die bed.”

Die aard van die konstruksie blyk wel duidelik uit die voorbeelde, maar dit is nie onvanpas om die kwessie kortliks te bespreek nie. In die eerste plek het ons die eienaardigheid dat die onderwerp van die sinne in normale gevalle voorwerp of bepaling sou wees, bv.: „Die graan behoort gou te trap = 'n Mens behoort die graan gou te trap. — Die baan speel goed = 'n Mens speel goed op die baan.” In die tweede plek het ons hier nie met persoonifikasie te maak soos in „Die motor ry vinnig. — Die geweer skiet sekuur” nie. Ons vind hier by uitstek menslike aktiwiteite waarvan *die onderwerp* geen doener is nie maar die *middel of voorwerp*.

Die doel van die usurpasie is duidelik: Om die voorwerp of middel wat by 'n proses betrokke is, te beklemtoon, verander ons dit in die grammatiese onderwerp sodat die normale doener, 'n lewende wese, uitgeskakel word. Sulke konstruksies dui aan dat die verloop van die proses, bv. *mooi, goed, sleg, maklik, taai, lank, sag, uitstekend, swaar, lekker* nie van die mens afhang nie maar van die voorwerp. „Die pen skryf lekker” beteken dat die pen dié eienskap het en dat dit nie saak maak wie dit hanteer nie.

Ons kan dus begryp dat veral ambagsmanne wat van hulle materiaal of gereedskap afhanklik is, sulke konstruksies sal gebruik.

So 'n tipe reksie ontstaan spontaan uit die behoefte van taalgebruikers aan 'n ander soort konstruksie wanneer die gangbare reksie nie beknop en doeltreffend genoeg is nie, en dit is een van die interessantste gevalle van die bestendiging van 'n „ongrammatiese” vorm. Gardiner behandel die hele verskynsel onder die benaming *incongruent word function* (parr. 46, 61, 62). Interessante voorbeelde en ook beskouings hieroor vind ons in Mathesius se artikel *Linguistic Characterology in Actes I*. Mathesius wys daarop dat Engels dikwels die grammatiese wending omverwerp teneinde die *psychological subject or theme* die onderwerp te maak, bv.: „I had one Charley bulging over my shoulders. — Even lords and ladies sometimes have their mouths stopped. — He is long in coming. — I will not have it cast into my teeth.” Wellander beskou sulke sinne as gevolge van Ellips (Studien III, bls. 67—108).

DIE WERKWOORD EN SY BEPALINGS

Die reksie van die ww. is nie beperk tot die verhouding van ww. en onderwerp nie, maar sluit ook die verhouding tot ander bepalings in.

Die saak is baie helder gestel deur Junker: „(Das Mehrwortgebilde) ist nichts als die mehrfache Benennung einer, wenn auch sehr inhaltsreichen Erscheinung. Die (einzelnen Worte) sind wie die Achsen eines Koordinatensystems. Für den Sprecher ist ein in einem bestimmten Sinne erlebter Sachverhalt der Ausgangspunkt. Dieser Sachverhalt wird durch jedes einzelne der Worte des (Mehrwortgebildes) einfachsten Baues (also mehrmals) genannt und gemeint, d.h. auf die durch die Worte dargestellten Achsen bezogen, so dass es auf diese Weise möglich wird einen individuellen Sinn, der als solcher ohne eigenen Namen ist, mit Hilfe vieldeutiger Worte eindeutig zu bestimmen. Nur dadurch, dass die erlebten Sachverhalte in verschiedener Weise ‚angesehen, aufgefasst,‘ und dass

sie überhaupt gedeutet werden können, kann, was sie dem Ich bedeuten, sprachlich zum Ausdrucke gebracht werden. Der Hörer vermag den Redner zu verstehen, weil er die gleiche Koordination der Worte vollzieht und so den Kreuzungspunkt der durch den Wortinhalt gegebenen Beziehungen als den gemeinten Sinn erfasst" (Die idg. und allgemeine Sprachwissenschaft, bl. 46).

(Uit my standpunt het die woord *Sachverhalt* hier ongeveer die waarde van *situasie*.)

Uit bostaande sitaat is dit duidelik dat waar spreker en hoorder hulle in dieselfde konkrete situasie bevind, daar waarskynlik minder woorde nodig is om alles aan te dui as wanneer die spreker hom bv. deur middel van die geskrewe woord tot 'n leser rig. Die sin kan steeds verder uitgebou word deur bepalings.

Naas die faktor van die situasie is die faktor van die ww. se reksie ook beslissend by die keuse van die bepalings.

Die eerste of primêre bepaling is die subjek, wat ons in die voorafgaande bladsye afgehandel het. Daar het dit geblyk dat die subjek vir die meeste wwe. 'n onmisbare bepaling is, maar dat die subjek by 'n klein groepie (nie-persoonlike) wwe. of slegs vir die skyn daar staan of kan wissel met ander bepalings (vgl. bl. 47).

By die ander bepalings is daar 'n veel groter verskeidenheid van verhoudings. As gerieflike uitgangspunt kan ons J. J. le Roux se verdeling van die wwe. kies. „As 'n ww. in 'n sin gebruik word, kan dit die draer van 'n volle begrip of 'n relatiewe begrip wees. 'n *Werbale volbegrip* kan vergesel gaan van nadere bepalinge, wat dien tot verenging van sy betekenis. 'n *Relatiewe werbaalbegrip* word deur middel van ander woorde voltooi en die aldus voltooide relatiewe begrip kan dan op dieselfde manier nader voltooi word. Dikwels word ook nog gepraat van *leë begrippe*; daaronder verstaan ons sekere werbaalvorme wat deel uitmaak van 'n kompositum" (Sintaksis, bl. 126).

Hoewel die skeiding tussen die drie groepe betreklik willekeurig moet wees, lewer die indeling praktiese voordele.

1ste Groep bv.: *Ek slaap.*

2de Groep bv.: *Die huis behoort*

3de Groep bv.: *Hy is/kan*

Tans bespreek ons Le Roux se tweede groep.

GESEGDEBEPALINGS IN ENGER SIN

Onder hierdie tipe ww. val die wwe. met *noodsaaklik-wederkerende wwe.* waarvan die objek identiek is met die subjek: *bemoei, besin, besondig, beroem, besuip, beywer, gedra, haas, misgis, ontpop, ontferm, ooreet, skaam, vergis, verspreek, vergaloppeer, vergryp, verkreukel, verknies, verkyk, verlekker, verman, verpoos* e.a.

Die gebonde voorwerp van hierdie wwe. is 'n irrasionele erfenis in ons taal. Dit is opvallend dat dié tipe konstruksie in Afrikaans veel minder voorkom as in konserwatiewer tale soos Duits, Frans, Italiaans en Nederlands. Maar Engels oortref Afrikaans daarin dat hy van byna almal skoonskip gemaak het (vgl. Jespersen, E.E.G., bl. 111).

Skeibare Werkwoorde

'n Veel belangriker groep is die sog. **skeibare wwe.** Volgens Potgieter is die kenmerke van dié soort samestelling soos volg:

1. Hulle het die klemtoon op die eerste deel.
2. Hulle voeg in die verlede deelwoord „ge-” tussen die dele en dit word dan as een woord geskrywe.
3. Die dele word altyd geskei behalwe
 - (a) in die inf. sonder *te* of *om te*;
 - (b) in die onvultooide deelw.;
 - (c) in 'n bysin in die onvolt. teenw. tyd.

(Nuwe Afr. Grammatika, bl. 163.)

Hulle word aanmekaar geskrywe omdat hulle — volgens die meeste grammatikas — een begrip uitdruk.

Ek wil hier *a priori* vasstel dat ek alleen as woord beskou klankverbindings wat *steeds* 'n lineêre eenheid vorm, d.w.s. nie geskei kan word nie. Daarom beskou ek die sog. „skeibare wwe.” as 'n besonderlike verbale *woordgroep*. Soms staan die woorde direk na mekaar in 'n bepaalde volgorde *en* kan dan „as een woord geskryf word,” bv. „dat hy *weggaan*,” maar nie „hy *gaanweg*” nie, soos prof. Bouman tereg sê (Afr. Spraakkuns, bl. 137). Dit wil nie sê dat hulle een woord is nie; die skryfwyse het niks met die woordleer te maak nie.

Die verskuiwing van die skeibare wwe. van die gebied van woordleer na die leer van woordverbindings is van die grootste belang as ons nie volslae verwarring wil skep deur sintaktiese met woordverskynsels te vermeng nie.

'n Vluchtige beskouing van die meeste (skool)grammatikas toon dat dié soort woordgroep nog nooit deeglik bestudeer is nie, sodat die probleme ook nooit op die voorgrond getree het nie. Die probleem is nl. nie om egte verbale samestellings soos *hardloop*, *waarsku*, *wantrou* ens. te onderskei van *byeenroep*, *agteruitgaan*, *voortrek* ens. nie, selfs ook nie *ónderhou* en *onderhóu*, *óortrek* en *oortrék*, *voórkóm* en *voorkóm* ens. nie, want die moontlikheid van verwarring bestaan alleen vir die grammatikus of leksikoloog, maar nooit vir die gewone taalgebruiker nie. (Vergelyk De Vooys oor Homoniemen ens. in N. Tg. 33, bls. 1—17, veral bls. 5—8 waar hy o.a. wys op „nur-Wörterbuch-Homonyme.”)

Die werklike probleem is om te onderskei tussen dié tipe woordgroep, wat 'n vaste verbinding is, en ander verbindings wat in 'n los verband met die gesegde staan, bv.: „Hy het *aan* gekom. — Hy het *gister* gekom.”

Kenmerke

REKSIE: (a) Die nuwe eenheid is oorganklik waar die los ww. onorganklik is, bv. *gaan na*, *staan voor*, *staan uit*, *kom agter*, *kom oor*, *loop raak*, *spring voor*, *praat om*, *val aan*, *treur dood*, *lag slap*, *skrik lam*, *werk teë* ens.

(b) Die nuwe eenheid is onoorganklik waar die los ww. oorganklik is, bv. *raak flou, hou op, neem af, kry swaar, breek aan* ens.

(c) Skeibare atmosferiese wwe. word in vaste verbindings met „animistiese” onderwerp of persoonlike onderwerpe verbind, bv.: „Het jy natgereën? — Die gras het doodgeryp.”

(d) Die nuwe eenheid neem voorwerpe wat nie met die los ww. kan verbind word nie, bv.: „Hy steek die geld in sy sak.” — Hy lê die verslag voor. — Hy hang die prente aan die muur. — Jy voeg hom iets toe.”

(e) Daar is opvallende semantiese verskille tussen die nuwe eenheid en die los ww., bv. *loop storm, spring tou, raak seek, hou dop, skop stof, speel kop, gaan skool, gaan skeep, sny spoor, slaan voet, maak kennis* ens.

WOORDORDE: (f) Die noodsaaklike bepaling staan in bysinne en in die infinitief — sonder *te* — onmiddellik voor die ww., terwyl die los bepaling nie daar hoef te staan nie.

Vrye Bepaling

dat sy die brood hier bak.
dat hy die perd bloots ry.
sonder om dit vir my te
sê.
dat ons die rekening daar
hou.
toe jy die brief aan hom
gee.
terwyl hy rustig by ons
bly.

Noodsaaklike Bepaling

dat sy hier *brood bak*.
dat hy gedurig *perd ry*.
sonder om vir my *dag te*
sê.
dat ons daarmee *rekening*
hou.
dat jy hom *kennis gee*.
terwyl hy op die byeen-
koms *stil bly*.

ANDER KENMERKE: (g) By die nuwe eenheid val die bepalende vnwe. soos *die, 'n, my* ens. dikwels weg.

Vrye Bepaling

Hy ry te perd, op 'n mooi
perd.
Ek wil nie die kaart speel
nie.
Hulle trek die tou styf.
Hulle sal nou hulle les
opsê.
Hy hou die maat met sy
vinger.

Noodsaaklike Bepaling

dat hy *perd ry*, mooi *perd*
ry.
Ek wil nie *kaart speel* nie.

Hulle *trek tou*.
Hulle sal nou *les opsê*.

Hulle *hou maat* in alles.

Daarteenoor kan ons stel dat baie ander verbale groepe wat gewoonlik nie skeibare wwe. genoem word nie, dieselfde verskynsels vertoon:

- (1) Baie wwe. + voorsetsels toon 'n eenheid met ánder reksie-kenmerke as die los ww., bv. *kyk na, wag op, dink oor, bots teen, spot met, behoort aan, ly aan, trou met, verlang na, baklei oor, skiet na, hou van, lyk op, aard na*. Vgl.: *Droëriviér se dam word aan gewerk* (Langenhoven).
- (2) Die wwe. wat Le Roux „leë werbale begrippe” noem, d.w.s. die koppelwwe. en verwante woorde, toon dieselfde eenheid. Vgl.: „Hy is boer van beroep (sonder 'n). — Sy is baie lief vir hom (anders as: Sy is lief). — Ons is gister dorp toe. — Die week was om. — Hulle word oud. — Jy raak nou lui.” Hieronder hoort ook **hulpwwe.** + **infinitief** en **hulpwwe.** + **deelwoord**, wat net so 'n enge eenheid vorm as die sogenaamde skeibare wwe. sowel wat betekenis as wat reksie betref (vgl. bl. 110; vgl. ook Overdiep se Stil. Gram., bls. 433—9).
- (3) Selfs die posisie van die bepaling is geen onfeilbare maatstaf nie, want ons vind dit by allerlei groepe in die spreektaal. Vgl.: „wat moet *huiwerig wees*. — as jy dit mag *nodig kry*. — wat nie wil *Engels praat* nie. — dat ons almal moet *aan die lewe bly*. — waar sy vyf trappe moes *op en af klim*. —

dat ek moes *aan die slaap raak*. — waar ek wil huis *aan die kant maak*."

Die skeiding van ww. + ww. in die bysin deur ander sinsdele is 'n ou verskynsel waarvan Overdiep voorbeelde gee in sy 17de-eeuse sintaksis, bv. „kon meester worden" i.p.v. „meester kon worden." Hy vestig die aandag daarop dat dit egter uitsonderlik is en slegs in 14% van die deur hom ondersoekte gevalle voorkom. Daarby is daar altyd besondere redes vir die afwykings; meestal is die tussen-geskuifde sinsdeel eng verbind aan die ww., ongeveer soos die bepalings by die sogenoemde samegestelde ww. (Syntaxis I, bl. 58—60). Volgens dr. Scholtz kom dit voor in 'n Afr. brief van 1851 (t.a.p., bl. 35) en by Meurant (t.a.p., bl. 63). By Langenhoven is dit baie gewoon, volgens eie ondersoek en dié van mn. Delport.

Dit moet nogmaals herhaal word dat ek nie die bestaan van noodsaaklike bepalings of verbale groepe ontken nie. Intendeel. Maar ek beskou dit as geen uitsonderings-groep nie en ek vind dit willekeurig om so een groep—sonder enige duidelike maatstaf—van die baie ander verbale groepe te skei. Dit berus blōot op tradisie dat bv. *afhardloop* in die volgende sin aaneen geskryf word: „Hy het die straat vinnig *afgehardloop*." Ons kan ewe goed 'n groep *die straat af* as 'n eenheid beskou. Net so: „Hulle het *hand uitgeruk*. — Ek moes by die *venster uitklim*."

Hoe anders die konstruksies ontleed kan word, blyk uit Jespersen se behandeling (vgl. *Analytic Syntax*, bl. 52).

Die saak sou nie soveel bespreking verdien nie as dit nie met die aanmeakaarskrywe van woorde saamgehang het nie. Dit sou 'n baie beter beginsel wees as ons alleen aanmekaar skryf waar dit ter onderskeiding van twee verbindings dien soos in *mooi praat* (= *welsprekend*) en *mooipraat* (= *pleit*). Maar in die meeste gevalle dien die aanmeakaarskrywe geen doel nie.

Vir die verdere indeling van die verbale woordgroepe vergelyk bl. 64.